DIE PIKETBERGER

DIE PIKETBERGER KOERANT
1 05
2068 1708

Jaargang 31 Nr. 1 piketberg.bergriviertourism.co.za **Februarie 2024** ☎ **022 913 1796**

facebook **Alle korrespondensie aan diepiketberger@gmail.com**

R5,00

Piketberg se koerant vir Piketberg se mense...

PHS Vier 4 A's

Die top 10 van PHS na afloop van die 2023 NSS-eksamen: Gerhard Brand: A-gemiddeld 84.4% met 6 onderskeidings, Erasmus Mouton: A-gemiddeld 83.7% met 5 onderskeidings, Gerhardt Müller: A-gemiddeld 80.3% met 3 onderskeidings, Elsje Basson: A-gemiddeld 80.1% met 3 onderskeidings, Anri Cronjé: B-gemiddeld 78.0% met 3 onderskeidings, Marnel Pretorius: B-gemiddeld 77.3% met 3 onderskeidings, Michelle Erasmus: B-gemiddeld 75.9% met 2 onderskeidings, Henco Kruger: B-gemiddeld 74.7% met 2 onderskeidings, Anriette Louw: B-gemiddeld 71.3% met een onderskeiding en Mika van der Merwe: B-gemiddeld 70.3% met een onderskeiding. (Sien foto's van kandidate nommer vyf tot tien op p14.)

Elsje Basson

Gerhardt Müller

Gerhard Brand

Erasmus Mouton

20 Jaar gelede...p2
Skaduwee...p2
VLV Verras NSRI met...p4
Lorraine 60...p6
Rwanda-Kersfees...p8
Voetspore na Voetspoortjies...p10
SSS se Top 3...p12
Maatskaplike Hulpwerker...p15
SSS 40 Years...p15
PHS Top 10...p16
Spar Musiekbeurs...p18

Redaksioneel

Skaduwee

Op Oujaarsdag in die kerk op Gourits hernu ek my nuwejaarsvoorneme vir 'n tweede jaar. Dis immers die eerste keer dat 'n voorneme vir my haalbaar en volhoubaar was, dus vind ek dit raadsaam om voort te gaan om 'bewustelik te lewe'. Die uitdrukking is geleer en geleen by Johannes de Villiers, die blydskapsnavorser. Hoe doen 'n mens dit? Wees in die oomblik, trek jou skoene uit, raak bewus van die vloer, bekyk jou omgewing, hoor en voel jou asemhaling, kyk in iemand se oë, kou en proe jou kos, luister na geluide, ruik die koffie/blom of teer… maak jou eie lysie, gebruik jou sintuie. Die dominee op Gourits help my om my voorneme uit te brei: "sien en voel hoe die Here soos 'n skaduwee aan jou regterkant is". In hierdie versengende hitte van Piketberg, kies ek bewustelik die skaduwee aan my regterkant. Die Here se teenwoordigheid is in so 'n mate 'n realiteit dat ek nie eers veronderstel is om die hitte te voel nie. Liewe lesers, geniet 'n koel Februariemaand in die skaduwee van ons Here. En moenie vergeet om die goeie nuus van 20 jaar gelede te lees nie. (Sien langsaan.) Die mense wat ons toé trots gemaak het, is steeds in die Here se skaduwee. Dit gaan goed!

Liefde
Marietha

Die volgende Piketberger is die Maart-uitgawe en verskyn op 7 Maart 2024. Sperdatum is 27 Februarie 2024. Stuur advertensies, rubrieke, nuus, foto's na diepiketberger@gmail.com

Die Piketberger Redaksie

Berigte, foto's en proeflees: Marietha Goosen
☎ 022-913 1796
Uitleg: Isabel Lausberg
Admin en verspreiding: Marietha Goosen
Advertensies: diepiketberger@gmail.com
***Volblad:** R550 **Halfblad:** R390*
***Kwartblad:** R270 **Agsteblad:** R190*
Ander groottes op aanvraag.

Marietha Goosen

Isabel Lausberg

DIE PIKETBERGER

20 Jaar gelede - Februarie 2004
Redakteur: Pierre Steenkamp
Mede-Redakteur, berigte en foto's: Marietha Goosen
Advertensiebestuurder: Deon van Dyk
16 bladsye Donasie R1,00
Rubrieke Briewe van ons lesers, Uit Jannie se pen

Voorblad: Matrieksterre skitter - 10 van die 45 PHS-matrikulante behaal 'n gemiddelde A.

Christo Smit ontvang Die Farmer's Weekly medalje vir die Dux student aan Elsenburg. **Genade en Plan B (Missie: Kaokoland) vervolg.** Sewe nuwe gesigte op PHS se personeel. **PHS Victor- en Victrix Ludorum: Hoërskool Erick Gerber en Anneen Groenewald, Laerskool Francois de la Querra en Carla Smit.** Alison Müller ontvang 'n UNISA sertifikaat vir uitstaande instrumentele onderrig (klavier). Haar beste 10 kandidate behaal 'n gemiddelde punt van 86% in die UNISA eksamen. **Elbeth Liebenberg is verkies tot President van die Wes-Kaapse Blommerangskikkersvereniging.** Steynville Sekondêre Skool se A-kandidaat is Adrian Janse. Die slaagsyfer van 87,9% verteenwoordig volgehoue styging in vergelyking met vorige jare. **Pierre Steenkamp se eerste kleinkind word in Parys, Frankryk gebore. Sy foto word met 'n selfoon geneem en per epos gestuur - 'n groot deurbraak in tegnologie.** Jan en Christine Langeveldt vier 50 goue getroude jare saam. Drie ander paartjies beloof trou aan mekaar, waaronder Anton Wolvaardt van AVBOB en Tina Brand. **'n Film wat 15 maande skoonveld was, is deur Marcelle Ellis se tuinier in haar tuin in Hoofstraat gevind. Dit was ongeskonde.** Die Universiteit van Stellenbosch vereer Elize Julius met die Rektor se Uitstygtoekenning wat oa 'n studiebeurs behels. Elize studeer Teologie en is die topstudent in haar derdejaarklas. **Jacques Lambrechts se naam is op 'n lys van uitstaande prestasies onder WP O/18-atlete met sy verspringrekord van 7,19m. Jacques hou ook 5 PHS-kleurebyeenkomsrekords.** Boland Spar is die beste in die Weste.

Iets interessants om te deel?

Artikels - Plaaslike Nuus - Rubrieke - Funksies - Vermaak - Foto's - Iets Interessants
Laat weet vir ons by
diepiketberger@gmail.com

AGRISELL
the source of prime property

Properties | Eiendomme

Plase & Kommersiële Eiendomme
Quinten Somers: 076 512 2215
Thys Basson: 083 448 1802

Residensiëel
Chris-Fick van Niekerk: 083 293 9762
Sandra van Wyk: 082 531 1617

Verhurings
Sue-Maré de Vries: 084 654 2388
Yolanda Crous: 084 506 4288

Te Huur

R9 000 p/m
390m² | Voortrekker Straat, Piketberg
Kontak Sue-Maré: 084 654 2388

Te Huur

R31 000 p/m
1247m² | Vervoer Singel, Piketberg
Kontak Yolanda: 084 506 4288

Te Koop

R1 550 000
600m² | Voortrekker Straat, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop

R6 500 000
626m² | Hoofstraat, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Verkoop deur Chris-Fick

Levant Lane, Piketberg

Verkoop deur Chris-Fick

Van Dyk Straat, Piketberg

Uit die kunskamer van
Saars Shabby 'n Shine
met baie "shabby" en bq "shine"

'n Warm dagsê aan alle Piketbergers. Ons skop die nuwe jaar sommer op 'n hoë noot af in temperature én bedrywighede. Hierdie tyd van die jaar is ons hoogtepunt natuurlik die NSD (Nasionale Scrapbooking Dag) en al die reëlings daarmee saam, 'venues', borge, temas en heerlike uitdagings. Facebook gons, WhatsApps piep-piep met 'updates', vriende vorm groepe en bespreek plek en die opwinding groei soos die dag naderkom. 'n Ander groot inskrywing op ons dagboek is die VLV se jaarlikse konferensie en 2024 is Piketberg-tak die gasvrou vir hierdie dinamiese viering. Allerhande idees neem nou vinnig vorm aan, en ons spring as 'n span in en maak geskenke vir die 150 dames vir wie ons wil, kan en gáán bederf. Sakke word gestik, krale word geryg terwyl heerlike saamkuiers en lag-oomblikke gebeur - alles terwyl spyskaart-items beproef en besprinkel word met kreatiewe idees. Saam met die 'soet-vrugte-op-die-bord', kom idees om hierdie vrolike kleurspel op en ín papier vas te vang, nie net met foto's nie, maar die pigmente van bloubessie, waatlemoen, avokado en vele meer word geverf, gespuit of gedoop oor gewone alledaagse tikpapier. Nuwe flamboyante velle word geskep waarop ons al hierdie 'onthou'-oomblikke kan neerpen en hier loer 'n volgende joernaal alweer in my totaal deurmekaar kunskamer om geskeur, geknip, gebind en gebruik te word. En hierdie kreatiewe vriende van my, is 'n sirkel waar die einde by verre nog nie in sig is nie. Ek groet met 'n vinnige toedels tot einde Februarie. Geniet die hitte en die liefde, of selfs die hittige liefde, en hopelik ook liefde sónder hitte.

Piketberg Dieresorg

Skenkings van komberse, hondekos, katkos, Nekbandjies, leibande en katmandjies welkom.

Hierdie advertensie geborg deur
Sam en Berenice Scheepers

VLV Verras NSRI met Kerspakkies

Aangesien die NSRI-lede soms in slegte weeromstandighede mense gaan help, het Sirkel Weskus se 14 Takke almal kerspakkies opgemaak vir 'n verrassing. Die dagbestuur onder leiding van mev. Elsabe Carstens (sirkelpresident), mevv. Marie Grobbelaar (visepresident en sirkelsek-retaris), Dinette Locner (tesourier) en Melaine Brand (Saamroeper van Sirkel Weskus, wat die nodige reëlings getref het), het die pakkies gaan aflaai. Die volgende takke is besoek:- St. Helenabaai – Stasie 44, Langebaan (Club Mykonos) Stasie 4, Yzerfontein – Stasie 34 – Stasiebeelvoer (Junrè) ontvang die pakkies. Strand-fontein Stasie het ook ontvang asook strand-diens-leiers (student) wat daar diens gedoen het.

Oorhandig die pakkies aan Stasie 34, Yzerfontein, se Stasie bevelvoerder, Junré.

Briewe, artikels en foto's word gratis geplaas.
Stuur na: **diepiketberger@gmail.com**

piketberg mediese sentrum

Tel: 022 913 1146
Praktyk kontaknr tydens beurtkrag: 064 0710 395

Ma - Vry: 08h00 - 17h30
Sat: 08h00 - 13h00

Dr Pieter Bruwer (Spesialis Huisarts)
Dr Sam Scheepers (Algemene Praktisyn)
Dr Bibi Werle (Sonar)
Ilse Bruwer (Spraakterapeut)
Merina de Waal (Dieetkundige)

WITH LOVE FROM

The OUTPOST
FAMILY RESTAURANT

SPECIAL DEALS THAT WILL MAKE YOUR ❤ SKIP A BEAT!

VALID FROM 22 JANUARY UNTIL 23 FEBRUARY 2024

HAPPY Valentine DAY

CELEBRATE **LOVE** WITH US THIS **VALENTINE'S DAY 14 FEBRUARY**!

Join us for an unforgettable evening of romance, **live music with artist Louis van Lill**, special deals and cherished moments at ***THE OUTPOST FAMILY RESTAURANT***

FREE ENTRANCE. NO BOOKINGS. FROM 18H00 UNTIL 21H00.

Agste Skoon Oudit in ‘n ry vir Bergrivier Munisipaliteit

13 Desember 2023

Bergrivier Munisipaliteit het onlangs uitstekende nuus ontvang vanaf die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika wat in sy finale verslag aangedui het dat die munisipaliteit haar agtste agtereenvolgende skoon oudit ontvang het vir die 2022-2023 finansiële jaar. "Ons is baie opgewonde oor ons jongste skoon oudit status. Dit verg baie dissipline, professionaliteit, harde werk, deursettingsvermoë en fantastiese spanwerk om sulke sukses te kan bereik. Ons is ongelooflik trots op ons kundige personeel en toegewyde raadslede wat regtig uit hul pad uit gaan om Bergrivier Munisipaliteit een van die beste plaaslike regerings in Suid-Afrika te maak," het Raadsheer Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, gesê. Die finale ouditverslag deur die onafhanklike Ouditeur-Generaal is op 30 November 2023 ontvang. Alhoewel dit uiters belangrik is dat die Munisipaliteit agt skoon oudits in 'n ry verwerf het, voeg Van Rooy by, bly die fokus steeds op uitstekende dienslewering aan alle gemeenskappe binne die Bergrivier Munisipale Gebied. Bergrivier se visie is: "'n Vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier." Alle munisipaliteite word jaarliks geoudit tussen Julie en November. 'n Span ouditeure het die afgelope vier maande 'n intensiewe evaluering van Bergrivier Munisipaliteit se prestasiebestuurstelsels, finansiële state, interne beheermaatreëls, ‘governance’ en leierskap gedoen. Die ouditverslag vorm deel van die Jaarverslag.

Badisa Vakansieprogram

Lorraine 60

Lorraine Meyer het op 30 Desember haar pensioenarisstatus behaal en 60 geword. Sy en haar Bybelstudie vriendinne het 'n heerlike ete by Pikkie Fox se coffeeshop by DeBerge Gastehuis geniet.

Werk/Reis/Wegbreek

Morrie's Place InTown (Piketberg) - Gastekamer

- Badkamer met aparte ingang - Stoof met warm plate
- Gratis Wi Fi - Braaiplek - Mikrogolf - 2 x enkelbeddens
- Kroeg Yskas - Selfsorg - Swembad - Veilige Parkering

Whatsapp: 072 319 8996 (De Villiers)
Email: gdvmorrison@yahoo.com

Piketberg koerier
Vrydae

Wil jy dalk iets op facebook market place/ gumtree ens koop? (Kontant optel beskikbaar)

Ek tel en laai pakkies af/op, Vrydae in die Kaapse voorstede en omliggende dorpe

Hanteer en lewer ook besigheids en privaat pakkies af, vanaf Piketberg / Moorreesburg / Malmesbury na Kaap en omliggende dorpe

WHATSAPP: 072 319 8996 (Villiers)

Carnival Candy Floss / Spookasem

Partytjies - Promosies - Skole - "Baby showers" - Nagereg menu - Markies - Donasies - Kinder speelparke - Winkels - Troues - meer

WHATSAPP: 072 319 8996 (Villiers)

Email: gdvmorrison@yahoo.com
www.carnivalcandyfloss.co.za

Nuus uit Rwanda...

deur Alta Nelson

Alta Nelson

Rwanda-Kersfees

As ons aan Kersfees dink, dink ons aan tafels wat kreun onder die heerlikste Suid-Afrikaanse geregte en families wat luidrugtig lag en gesels, terwyl Kersfeesmusiek in die agtergrond speel. Nie in Rwanda nie, of altans nie waar ons woon nie. Dit was 'n ongewone Kersfees, al het ek probeer om 'n Kersfees-atmosfeer te skep met selfgemaakte kersversierings in die huis. Gelukkig het ons seun, CP, by ons gekuier en ons drie het Oukersaand 'n vuurtjie opgesteek en saamgekuier. CP het op 'n stadium stil-stil verdwyn, net om later te verskyn met sy eie kreatiewe vermomming as Kersvader om geskenke uit Suid-Afrika uit te deel. Kersdag besluit ons om gebraaide hoender te gaan eet in Bugarama by die bar, sodat CP ook dit waarvan hy nog net gehoor het en foto's gesien het, kan beleef. Die eerste struikelblok was dat ons nie al drie op Neels se motorfiets kan ry nie en hier geen voertuig vir ons beskikbaar was nie, want alles wat wiele het, is uitgeleen aan mense om Kersfees iewers te gaan vier. Dus was die enigste oplossing dat CP saam met Neels ry en ek moes gebruik maak van 'n moto-taxi. Dit was 'n eerste keer vir my om van die plaaslike moto-taxi's gebruik te maak - 'n ervaring op sy eie. Neels het die bestuurder opdrag gegee om stadig met my agter hom en CP aan te ry. Die eerste moto-taxi se remme was nie baie betroubaar nie, want elke keer as Neels spoed verminder by 'n spoedwip, dan is ons langs hom op die spoedwip. By ons bestemming aangekom, dink CP die mense is nogal oulik omdat hulle kersversirings opgehang het, maar ek moes hom inlig dat die versierings al van Nov 2021 af daar hang. Na twee ure van Uno speel, is ons bedien met ons gebraaide hoender, "kachumbari" en twee borde tjips, een van aartappels en een van "igitoki". Geen messe, geen vurke, geen ekstra borde behalwe dié waarin die kos bedien word. Ons drie eet saam uit een bord. Ons het nou wel nie gammon, tong met mosterdsous, slaaie en nageregte om van te kies gehad nie, maar ons drie was saam en het ons gebraaide hoender geniet. Ek hoop almal het hul Kersgety geniet en voorspoed vir 2024.

NOODNOMMERS PIKETBERG

POLISIE - 022 913 8800
BRANDWEER - 079 349 8619
AMBULANS - 10177 / 022 4338700
VERKEER - 083 272 4126

Bergrivier Municipality welcomes Tyrone April

13 December 2023

Tyrone April

"Expanding and enhancing our facilities and services to reach world class standards is a goal of mine. We want to build positive relations with all our residents so that they feel proud of their facilities and take ownership of it". So says **Tyrone April,** who had recently been permanently appointed as the new Head: Facilities Management within the Community Services Directorate at Bergrivier Municipality. He assumed office as of 09 October 2023. His role as the new Head: Facilities Management is to ensure the operational oversight over all community halls, resorts, swimming pools, public open spaces and cemeteries. Keeping the strategic goals and the vision of the Municipality in mind, April stressed the importance of creating public spaces and facilities which residents will take pride in and, in effect, blow the whistle on vandalism by reporting incidences immediately. **Tyrone April** (35), born in Paarl, matriculated at Outeniqua High School in George in 2005. He obtained his National Diploma in Nature Conservation in 2014 at Nelson Mandela University (George Campus). Some of the highlights of his career includes his experience gained at Sanparks where he worked as a Section Ranger at Table Mountain for three years. He was involved in the management of "one of the seven wonders of nature". According to April, this site has deep cultural significance for the indigenous Khoi-San people. They refer to Table Mountain as "Hoerikwaggo", which means "mountain in the sea". April also worked for four years at George Municipality as a Superintendent: Parks & Recreation. At this Municipality, he and his team achieved full blue flag status for their beaches in 2021. They didn't only manage to keep that status but rather expanded it to another two beaches. Outside of his professional life, April is a very active and energetic person. Some of his hobbies include fishing, cycling, canoeing and hiking. He mentioned that he'd like to contribute to creating a safe, clean and green environment for communities within the Bergrivier Municipal Area. "The sense of community that I have experienced thus far is gratifying and something I wish to add to and build upon. There is so much to be proud of and thankful for, we can only grow together going forward," he concluded. Bergrivier Municipality wishes him well in his new position as Head: Facilities Management and trust he will serve all our communities with pride. Welcome!

2 FOR 1 PROMOTION

Get a free pair of prescription sunglasses

When you test your eyes and have specs made.

T's & C's apply

www.biermangroup.co.za

BIERMAN GROUP
OPTOMETRISTS

Malmesbury
+27 22 482 4454
Prima Centre
Voortrekker Rd

Piketberg
+27 22 913 1349
Piquetberg mall
54 Long St

Langebaan
+27 22 772 0393
The Laguna Mall
Laguna St

Vredenburg
+27 22 719 1165
Weskus Mall
Saldanha Rd

Trippe Trappe

Nuwe maatjies in Uiltjies: Myan Cornelius, Kyla Cloete, Amy Kriel, Carson Wanza, Tiana-Maé Dirks en Kara Sonneberg.

Nuwe maatjies in Bytjieklas: Arno van der Westhuizen, Hanna Burger, Tirs-Lee Daniels, Jordan Fekeno, Iziah Houswick, Carter de Klerk, Klara-Belle van Zyl en John Beeselaar.

Nuwe maatjies in skoenlapperklas: Klara de Villiers, Abigail Fortuin, Alya Gal, Jané Visser, Nelius Rossouw, Juhanri Greeff, Zion Hendricks

Nuwe maatjies in die Vissieklas: Adriaan Smit, Isabelle Meyer, Leliah Janse van Rensburg, Kaleb de Klerk en Muhammed Niang.

Voetspore na Voetspoortjies

Esna Brand skryf

Esna Brand

In 1999 het ek 'n sms gekry met die woorde: Ek weet nie wie jy is of waar jy is, maar God het vanoggend jou nommer op my foon gedruk en ek moet vir jou sê Hy beplan vir jou groot dinge. Volgens my het die "groot" dinge nooit gebeur nie en daarvan vergeet. Ek het Educare gaan leer en my prakties by Alta du Toit in Kuilsrivier gedoen. Ek het gaan werk as ECD juffrou, toe Au-Pair. Ek het getrou en drie kinders gekry en amper my kinders aan die dood afgestaan. Ekself was baie na aan die dood na my meisiekind se geboorte. My jongste is op 3 met Tipe 1 diabetes gediagnoseer. Later is uitgevind hy is op die outisme spektrum. Ek het 'n kursus by Neurodiversity Centre oor outisme gedoen. Begin 2023 het Bianka Jordaan, voormalige eienaar van Voetspoortjies Kinder Akademie, my gevra of ek nie as 'n assistent by hulle wil werk nie. Aangesien my jongste ook daar is, het ek onmiddellik ja gesê. Na die Maart-vakansie het Bianka my weer genader om te hoor of ek nie die klas vir die outistiese outjies wil hanteer nie. Net daar onthou ek God se belofte deur die sms. Ek was opgewonde om 'n verskil te kan maak. Om en by Junie 2023 het ek en Bianka weer gesels en sy het aan my bekend gemaak dat sy die skool wil verkoop. Ek het 'n grap gemaak en gesê "ek koop sommer die skool". Sy neem dit toe ernstig op en begin dit 'n saak van gebed maak. So het die gedagte op my begin groei - en God het tekens en boodskappe vir my gestuur. Ek het die naweek van 12 November 2023 met my man, Rudi, gesels om te hoor of ek die geld by hom kan leen en was die antwoord nee. Ek was platgeslaan, want hoe dan nou? God het dan al die tekens gestuur? Ek bid en vra die Here: "Hoe? Wat? Hoekom?" Hy antwoord my toe met Jesaja 49:8-9 "Nie in jou tyd, maar wanneer Ek wil, sal Ek jou gebede verhoor". Ek het bly bid en glo en my vriende vertel van God se belofte in Jesaja. Bianka kom toe op 26 November na my met 'n ander voorstel. Ek gee dit onmiddellik so vir Rudi deur. Op Maandag 27 November kontak hy my en sê dis reg, ek kan die bankbestuurder kontak. Ek kontak haar. Sy sê Rudi moet haar self kom sien. Donderdag 30 November die middag 15:00 was ons afspraak, en daar kry ons die nuus dat die geld onmiddellik beskikbaar is. Ons hoef nie eers aansoek te doen vir 'n lening nie. Daardie aand word die aankondiging gemaak dat ek die nuwe eienaar van Voetspoortjies is. Ek wil baie graag die outistiese gedeelte groter maak, want hier is een enorme aanvraag vir hulp vir kinders met outisme en outjies wat ‘n bietjie ekstra hulp benodig. Voetspoortjies is 'n dubbelmedium, multi-graad skool. Ons neem babas van 3 maande tot graad 7 leerlinge in en daarna kan jy by ons aanlyn tuisonderrig doen. Die skool is besig om 'n totale gedaanteverwisseling te ondergaan. ***Ek stel graag my personeel bekend. (Sien langsaan.) Henk Brand, die skoolhoof, asook graad 6-7 onderwyser, Elmarie Coetzee vir graad 4-5, Jemaima Jaars, graad 2-3 en Anelle Naude vir graad 1. Die ECD-juffrouens: Babas en Peuters: Gail Rumba en Genevieve Stierman. Kleuters: Rachel Boois en ons graad RR en R juffrou Larissa Brandt en haar assistent, Carlynne Parring. Kombuispersoneel: Lee-Ann Diedricks en Tameron Swartz. Sekretaresse: Riancke Louw.***

SINCE 1952
LIEBCO
FOODS
70 years of Meaty Goodness

Gaan 'like' ons Liebco Vleishandelaars blad op Facebook om op hoogte te bly van nuutste promosies en kompetisies!

Baie Geluk aan die 3 Liebco gelukkige trekking wenners!!

KATRIENA FORTUIN

ANWEN ARRIES

ELZANNE HORN

OUR VISION:

"Creating and selling affordable meat products that will make every customer hurry back for more meaty goodness!"

SINCE 1952
LIEBCO
Express

Besoek gerus ons 'Express' takke in Porterville, Citrusdal & Clanwilliam

SSS se Top 3

Steynville Sekondêre Skool se Top 3 leerders vir 2023 is Jay-Dean Claasen, Rekayl Monk en Bryan Julies. Jay-Dean het onderskeidings in Wiskunde Geletterdheid, Besigheidsstudies en Ekonomie. Rekayl het 'n onderskeiding in Ekonomie. Jay-Dean en Rekayl gaan Onderwys studeer en Bryan Regte.

Bergrivier Dental
TANDHEELKUNDIGE PRAKTYK

PIKETBERG CITRUSDAL VELDDRIF

Dr Herold Truter, Dr Saskia Smalberger, Dr Jasper Müller en Bendert Smit help graag met enige van die volgende prosedures:

- Mondhigiëne: Skaleer & Poleer
- Algemene en voorkomende tandheelkunde
- Herstellende tandheelkunde
- Ortodontiese tandheelkunde
- Mondchirurgie
- Kosmetiese tandheelkunde
- Bleikings & Mondskerms

Skakel ons gerus vir 'n konsultasie

Piketberg	022 913 1630
Citrusdal	022 921 3110
Velddrif	022 783 0092

www.bergrivierdental.co.za

SSS Jeugkamp

Cassidy Williams, Jean-Marco Gal en Juanicke Malgas. SSS-leerders wat van 2-9 Desember 2023 op die National Youth Camp by Tulbagh Waterval oord was.

WELKOM

Ons wens vir jou
is 'n nuwe jaar
vol gepak met
vrede & hoop,
liefde, goedheid en guns.
Mag Abba Sy
seën mildelik oor jou uitstort.

2024

ACVV TRIPPE TRAPPE KLEUTERSKOOL

ACVV HUIS AJ LIEBENBERG

Say Yes to MASSIVE DISCOUNTS

Yes We Can!

Build it

Promotion valid from 01 FEBRUARY - 30 MARCH 2024. T's and C's apply.

1099.99 each

DURAM
PLASTER PRIMER
WATER-BASE
20 LT
WHITE

729.99 each

DURAM
CEMENT PRIMER
WATER-BASE
20 LT

539.99 each

BUILD IT
ANTI RUST PRIMER

5 LT
BLACK,GREY,RED & WHITE

989.99 each

DURAM
ROOFKOTE
PURE ACRYLIC
20 LT
WHITE & GREEN

369.99 each

DURAM
WALL & CEILING
PREMIUM MATT
5 LT
ALL COLORS

929.99 each

DURAM
WALL & CEILING
PREMIUM MATT
20 LT
ALL COLORS

929.99 each

DURAM
ROOFKOTE PURE
ACRYLIC ROOF PAINT
20 LT
ALL COLORS

1199.99 each

DURAM
WALL & CEILING
PREMIUM MATT 20L
20 LT
PASTEL BASE 5LT R 379.99

FOX BUILD IT - 022 913 1950 - 93 LANG STRAAT PIKETBERG

Piketberg Museum

Piketberg Museum is Maandag tot Vrydag van 9h00 - 15h00 oop vir besoekers. Maak asseblief 'n afspraak vir naweek-besoekgroepe by 022 913 2177. In die huismuseum word artefakte uit die omgewing uitgestal om 'n voorstelling van die inhoud van 'n huis ongeveer 100 jaar gelede te skep. Daar is ook die Joodse Sinagoge, waar besoekers deur die geskiedenis van Piketberg kan reis en die aangrensende PPC De Hoek Eeufeesuitstalling. Toegang is gratis en almal is baie welkom!

Die ruimte in die sinagoge word vir kleiner funksies/vergaderings tydens weekstye verhuur. Kontak gerus vir Marié vir die tariewe. info@piketbergmuseum.co.za / www.piketbergmuseum.co.za

Last Friday Mark...by die museum!

Die Last Friday Mark, wat elke laaste Vrydag van 'n maand by die museum aangebied word, is al amper 'n instelling! Dié markie is 'n gemeenskapsprojek wat opheffing en sosiale interaksie nastreef en word by die museum aangebied, omdat dit sentraal geleë is en aan Piketberg se mense behoort.
Daar is geen fooie vir stalletjies nie. **Elke verkoper bring hul eie tafel, stoel en produkte en hanteer die verkope self. Die verfraaiing van hul stalletjie is ook hul eie poging.**

Die breër Piketberg-gemeenskap word weer genooi om dié inisiatief te ondersteun - koop iets en help 'n ander, lag en gesels met ander Piketbergers, kom bietjie uit die huis en geniet 'n lekker kuier rondom die museum!

Skakel Marié met enige navrae en om jou stalletjie te bespreek. Daar sal DV markte aan die einde van *Februarie en April 2024* wees en daarna weer in *September, Oktober en November*. Daar is geen mark einde Maart nie, as gevolg van Paasnaweek.

Maatskaplike Hulpwerker

Daphidene Jagers bekend as Jody. Sy is Badisa Piketberg se nuwe Maatskaplike hulpwerker sedert 01 Desember 2023.

Steynville Secondary School 40 Years

Steynville Secondary School is celebrating her 40th anniversary this year. The school has several special events planned for the year. Saturday, 3 February 2024, "Time Capsule Breakfast" Saturday, 2 March, Annual Sports Day. Term 2: Saturday, 27 April, Open Air Gospel Festival Friday, 14 June, Gala evening, Theme: Remember our Roots. Term 3: 11-15 July, Culinary Food Festival, Theme: Resilience. Saterday,3 August, Mr and Miss Steynville 2024. Wednesday, 7 August, Piketberg Cup (Rugby and Netball) vs PHS. Friday, 9 August, Woman's Day, Woman From Steynville (Theme: Exhibition). Saturday, 21 September, "Potjiekos" Competition (Theme: Hope). Saturday, 5 October, Annual Golf Day. 5 October – 7 October, Carnival. Term 4: Sunday 8 December: Thanksgiving Service. All former learners can come and visit the school to provide help in any form, donations, ideas etc.

TUINBOUKLUB

Piketberg Tuinbouklub sal gedurende 2024 steeds by die Sinagoge bymekaarkom. Die eerste ontmoeting is op 7 Februarie. Besoekers is welkom om sekere vergaderings by te woon of om aan te sluit. Die program elke tweede Woensdag van die maand sluit in besoeke aan kweke-rye, leer om rangskikkings te maak, leer van sade en die uitruil van plante onder mekaar.

SHADEPORTS NEW and REPAIRS Est. 1994

- NEW Shadeports supplied and installed
- RECOVER existing Structure with NEW SHADECLOTH
- REPAIR Structures
- Use to SHADE Pools / Cars / Boats / Caravans / Play Areas
- Alterations undertaken
- Replace PVC Windows on DROP BLINDS
- Shaded or Waterproof

New Product Available:
- **Shutters**

ASSURING YOU OF OUR BEST SERVICE AT ALL TIMES

We cover WEST COAST also MALMESBURY, PIKETBERG, PORTERVILLE etc
Contact: Freddy Pfuhl: 083 9857558
Angela Pfuhl: 073 7013682
Email: mail@affiplaas.co.za

Kontak ons gerus as u ook 'n kwaliteit shadeport wil installeer.

Oud-PHS'ers ontvang Grade

Glenda Dietrich, PHS-hoofmeisie 2017, verwerf die graad MBChB aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy begin in 2024 met haar twee jaar internskap by Dihlabeng Hospitaal in Bethlehem.



Githe Vorster behaal haar B.Com. Bestuurswetenskappe graad met fokusareas Beleggingsbestuur en Finansiële Bestuur. Githe doen vanjaar 'n Diploma in Logistiek.

Anné Rheeder ontvang haar graad in Bedryfsielkunde wat sy in 2022 voltooi het. Sy slaag PGCE in 2023 Cum Laude.

Anika Smit het op 11 Desember haar 3 jaar graad in Menslike Hulpbronbestuur by die Universiteit van Stellenbosch ontvang. Sy is goedgekeur om in 2024 haar honneurs in Bedryfsielkunde te doen.

PHS Top 10

Vervolg van p1

VanDyk Mouton het op 14 Desember sy 3 jaar BCom Finansiële Rekeningkunde graad by die Universiteit van Stellenbosch ontvang. Hy is goedgekeur om in 2024 sy Honneurs in Bestuursrekeningkunde te doen.



Christof Smith ontvang sy graad in BScAgric Wingerd & Wynkunde. Christof is Assistent Wynmaker by Rust en Vrede.

Die volgende Piketberger is die Maart-uitgawe en verskyn op 7 Maart 2024. Sperdatum is 27 Februarie 2024. Stuur advertensies, rubrieke, nuus, foto's na diepiketberger@gmail.com

FMTM

FULL MOON THAI MASSAGE

Treatment	20 min (Specific Symptoms Massage)	30 min	60 min
Thai Original	R150	R280	R380
Thai Oil	R150	R280	R380
Sport Massage	R150	R330	R430
Head / Neck / Back / Shoulder	R150	R280	R380
Foot Massage	R150	R280	R380
Ear Spa	-	R280	-
Hot Stone + Massage	-	-	R500
Facial Massage	-	-	R450
Cupping + Massage	-	-	R500
Only Cupping	R250	-	-
Only Hot Stone	-	-	R380

To make a reservation please phone 064 404 9558
or send an email to bookings@fmtm.co.za

www.fmtm.co.za

Spar Musiekbeurs

Leigh Wall is die ontvanger van die Superspar Boland musiekbeurs vir 2024. By haar is Komien van der Westhuizen, tydens die 2023-jaareind konsert.

MEDIESE PRAKTISYNS

Drs Smit & Morrison

Hoofstraat 60 Main Street
PIKETBERG
7320

☎ 022-913 1172
alle ure / all hours
🖷 022 913 1907

Besigheidsure / Business Hours
Ma - Vry 08:00 - 17:30 Mo - Fri
Sat 08:00 - 13:00

PHS se 2023-matrieks skenk Skoolskoene

Briewe, artikels en foto's word gratis geplaas.
Stuur na: **diepiketberger@gmail.com**

ACVV HUIS AJ LIEBENBERG

WIT OLIFANTE

Raak ontslae van alles wat in jou pad is in en om die huis

Vir skenkings
Kontak Vanessa @ 082 8784 292
marketing@acvv.org.za

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

Mev Florence Mouton was die wenner van ons Cadbury sleepwa kompetisie! Philip Jankielsohn, Marlene Visagie en Shameel Davids het die sleepwa aan haar oorhandig.

Mev Luzelle Smith was die wenner van ons Coca-Cola sleepwa kompetisie! Robert Jankielsohn en Shameel Davids het die sleepwa aan haar oorhandig.

Mnr Eddie Libbie was die wenner van ons Joko Tee kompetisie! Philip Jankielsohn en Shameel Davids het die draagbare kragstasie aan hom oorhandig.

Geregistreerde SPAR Rewards lede staan nog tot 6 Februarie 2024 'n kans om gratis inkopies te ontvang!

Hier is net 'n paar foto's van SPAR Rewards lede wat al hul inkopies gewen het deur hul SPAR Rewards kaart te gebruik.

Daphne Kasper

Evelyn Cloete

Nolusindiso Menziwa

Veronica du Plooy

Colleen Madatt en familie

Willem Smit en familie

Zaandro Henry en familie

Sophia Fredericks

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

CHIKKA CHICKEN

Piketberg 022 913 1163
Order and Pickup Whatsapp 072 094 3346

35 00
Chikka 2 Piece & Chips
(Drum & Wing)

70 00
2 x Chikka
Fillet Burgers
& 2 x Chips

89 99
Chikka Chicken
Whole Bird

49 99
Chikka 3 Piece & Chips
(Drum, Wing & Thigh)

30 00
Chikka Cheeky
Burger x 2